
# 2de kwartaal 2016 in die "HEY! Land"

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

## HEY! Brokkies Nuus

**Die 2de kwartaal was omtrent bedrywig. Bid, Bybel lees en Getuig is maniere van geestelik groei en ons fokus hierop :**

**1.GEBED:** Die **Helderbergkom** het **gebedsweek** gehad van 9-13 **Mei.** HEY! was direk betrokke by **Lochnerhof, Somerset-Wes primêr en Danie Ackermann** hoewel baie skole deelgeneem het. Kinders het na die gebeds kamers gestroom. Die aantal briefies met gebedsversoeke was meer as ooit tevore. Daar was **"liefie briefies" vir Jesus maar ook soveel seer en pyn in briefies verwoord.** So dankbaar om dit aan ons Hemelse Vader te kan gee en weet dat Hy sal sorg volgens ***1Petrus 5:7***.By **Lochnerhof** was die Lighuis gebedshuis vol en toe het die **leerders self op die veld bymekaar gekom en begin bid**...hoofsaaklik geinisieer deur Gr7's. God is aan die werk en niks sal Sy werk stop nie! Die hoogtepunt van gebedsweke is kinders wie 'n keuse vir Jesus maak en ons bid vir hulle groei! Jesus het ons geleer: ***Mark 11:17: "Toe het Hy die mense geleer en vir hulle gesê: Staan daar nie geskrywe: My huis sal 'n huis van gebed vir al die nasies wees nie?*** ...dis ons gebed dat kinders die krag van gebed eerstehands sal ervaar!!



Vergifnisboks met sand- Kol 3:13 in praktyk!



Bid vir 'n land: dogters het vir familie in Zimbabwe kom bid



Gr7 leerders bid spontaan op die rugbyveld tydens pouse

**2.BYBELS:** Die vreugde van jou eie Bybel! Ons is **dankbaar teenoor donateurs wie dit moontlik maak** om aan kinders Bybels te gee. Die opgewondenheid is groot wanneer ontdek word hoe lekker dit is om in God se Woord te delf. Mag elke kind lief word vir ons "handleiding vir die lewe" By HEY! is dit vir ons **van die uiterste belang dat kinders Skrif memoriseer en verse in die Bybels opsoek** -die Woord van God is ons Swaard en ons wil geslypte swaarde hê om teen satan se aanvalle te veg. **Amper 400 Bybels is uitgedeel die kwartaal...**




Hierdie Summies is opgewonde oor hul eie Bybels!

**3.GETUIG:** **"Hoop vir kInders"** word aan gr 3 of 4 leerders aangebied en **kinders word op prettige manier geleer om die Evangelie (Goeie nuus van Jesus) met ander te deel.** Jesus se laaste opdrag was dat "ons dissipels van alle mense moet maak."Deur **spel en toneeltjies** word evangelie raamwerk en Bybelverse geleer. Die kinders leer van kleins af om te getuig!



Speletjies terwyl Skrif geleer word, wat kan lekkerder en makliker wees?



Die vrot eier illustrasie by Beaumont gr3..groot pret!

**DANKIE VIR ELKEEN WIE ONS ONDERSTEUN OP WATTER WYSE OOKAL, ONS WAARDEER JOU!**